



## Basiese beginsels vir die begrip en versorging van 'n persoon met Alzheimer se siekte

### Behandel die persoon met respek en waardigheid

1. Moenie die persoon behandel asof hy nie daar is nie.
2. Moenie grappe maak oor onvanpaste spraak of gedrag nie. Humor kan baie goed wees indien dit op die gepaste tyd gebruik word, maar kan ook as vernederend ervaar word.

### Vereenvoudig take

1. Verdeel elke taak en aktiwiteit in makliker stappe.
2. Beperk keuses.
3. Laat tyd toe om boodskappe stadiger te verwerk.
4. Stel die persoon tydens elke stap gerus, bv. "Jy doen baie goed."

### Handhaaf 'n kalm, rustige omgewing

1. Sagte geluide en stemme is die beste. Musiek kan gerusstellend wees.
2. Raak die persoon gerusstellend aan wanneer dit gepas is.
3. Vermy verrassende, skielike bewegings.
4. Hou die omgewing so konsekwent as moontlik. Selfs klein veranderinge kan ontstellend wees.

### Weet wat om te doen as die persoon ontsteld raak

1. Probeer agterkom wat die bron van die ontsteltenis is. Wil hy die badkamer gebruik? Is hy siek of in pyn?
2. Verander die onderwerp as dit lyk asof dit die persoon pla of ontstel.
3. Trek hul aandag af en probeer om hulle in 'n ander aktiwiteit te betrek.

Please contact the DEMENTIA SA Office

Support | Awareness | Education | Counseling | Training | Resource centre | Advocacy  
*info@dementiasa.org or support@dementiasa.org* [www.dementiasa.org](http://www.dementiasa.org)

**National Helpline 0860 MEMORY / 0860 636 679**

## Gebruik die persoon met demensie se beskouing van die realiteit

1. Oriëntasie van realiteit (behalwe vir tyd en plek) is nie doeltreffend by diegene wat aan erge geheueverlies ly nie.
2. Onthou dat hul realiteit van joune verskil. Indien dit moontlik is, wees net deel van die persoon en "wees in hulle wêreld". Moenie argumenteer nie, want dit sal onproduktief wees .

## Onthou dat geduld noodsaaklik is

1. Alzheimer se siekte kan veroorsaak dat daar min beheer oor verbale, fisiese of seksuele optrede is.
2. Die persoon kan dikwels nie genoeg oor sy vorige redenasie-of gedragspatrone onthou om altyd gepas te reageer nie.
3. Besef dat dit wat vir u na manipulerende gedrag lyk, eintlik net die siekte is.

## Kontak:

Tel: (021) 421 0077/78  
Email: [info@dementiasa.org](mailto:info@dementiasa.org)  
Or [support@dementiasa.org](mailto:support@dementiasa.org)

3rd Floor,  
State House,  
3 Rose Street,  
Cape Town

P.O. Box 16421  
Vlaeberg  
8018



[www.dementiasa.org](http://www.dementiasa.org)

Please contact the DEMENTIA SA Office

Support | Awareness | Education | Counseling | Training | Resource centre | Advocacy  
[info@dementiasa.org](mailto:info@dementiasa.org) or [support@dementiasa.org](mailto:support@dementiasa.org) [www.dementiasa.org](http://www.dementiasa.org)

National Helpline 0860 MEMORY / 0860 636 679